


# St. Ivo van Chartres

## 23 Mei

(c.1040-1115)

Hy is in die Franse stad Beauvais gebore en tree in by die Augustyne by Saint-Quentin. In Parys studeer hy onder die beroemde Lanfranc en hy bekwaam hom as een van die voorste Kerkreg geleerdes van sy tyd. In 1090 word hy aangestel as biskop van Chartres. Twee jaar later word hy deur koning Filip I in die gevangenis geplaas omdat hy die koning se plan om van sy vrou te skei teengestaan het. Uitein-delik was die openbare ontevredenheid oor sy gevangenskap te groot en moes die koning toegee en hom vrylaat. Die pous het ook die koning onder die banvloek geplaas, maar Ivo pleit dat die koning daarvan onthef moes word. Hy het 'n belangrike invloed uitgeoefen op die ontwikkeling van Kerkreg en sy briewe en preke wat behoue gebly het lewer getuienis van 'n diepgelowige mens wat alles vir sy Heiland opgeoffer het.

© Die Oratorium Uitgewery